Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

***Visie:*** *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
***Missie :*** *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 26 3de Kwartaal 2025

## IETS OOR BEKOMMERNIS




"*Moet oor niks bekommerd wees nie*", skryf Paulus aan die Filippense. Moenie vrees of angstig raak nie! Maar dis nie altyd maklik nie. Dis byna soos om vir iemand met 'n slegte verkoue te sê om nie so te nies, proes of snuif nie, of om vir iemand met 'n verlamde been te sê om nie sy been so te sleep nie.

Soms wonder ek of bekommernis nie dalk 'n soort siekte of verslawing is nie? Ja, dalk is dit beide siekte en verslawing. Deels omdat geen mens bekommernis kan keer of beheer nie. Jy kan jouself net eenvoudig nie help nie – bekommerd sal jy gedurig wees. Dis dalk ook net moontlik dat mens hier diep in jouself een of ander donker begeerte het om bekommerd te wil wees. Daar's dalk 'n soort genot uit bekommerd wees te put. 'n Onverklaarbare neiging om jouself te verlekker in die kastyding. Mens droom beelde op van die heel ergste wat moontlik kan gebeur en pynig jouself daarmee. Jy maak jouself byvoorbeeld wys dat jou aanhoudende hoofpyn net op een ding kan dui - 'n kwaadaardige breingewas. Mens het gevolglik slapelose nagte net omdat jy berge van molshope maak.

Ek wonder soms ook of daardie verskriklike vrees wat ek vir 'n groot ramp koester nie dalk 'n heimlike hunkering na so iets is nie? En as ek die vreeslike gebeure tog net vooraf kon sien kom, sou ek dit op een of ander manier kon probeer keer, dink ek.

Een van die groot voordele daarvan om in hierdie moderne tyd te leef is die bestaan en beskikbaarheid van psigoterapeute en

sielkundiges. En indien jy dalk so gelukkig is om met een te gesels oor jou bekommernisse, sal jy dalk ‘n goeie antwoord kry oor waarom jy tog so maklik en gedurig oorhoops raak.

Maar hoe dit ookal sy, of ek nou ‘n antwoord sal kry of nie, slegte goed sal wel steeds gebeur. Ek sal dit glad nie kan keer nie. ‘n Baie slim man het êrens op ‘n keer gesê: “*Die hele lewe is een stuk swaarkry en lyding!*” En in die ou Doop Formulier – *“hierdie lewe is ‘n gestadigde dood.”* Ek dink daarmee word bedoel dat hartseer, verlies en dood op ons almal en op elkeen vir wie ons lief is wag.

Tog, genadiglik is die Here altyd daar en altyd by ons teenwoordig. ”*God is daar! Die stad sal nie wankel nie*,” lees ek in Psalm 46:6. Natuurlik is die Here altyd daar, “*jy moenie bang wees nie! Jy is vir Hom kosbaar en Hy ag jou hoog*” (Jesaja 43:1,4,5). En Paulus skryf in Filippense 4:6 – “*Moet oor niks besorg wees nie.”* Hy skryf hierdie woorde aan die gemeente Filippi terwyl hy in die gevangenis in Rome sit. En om in ‘n gevangenis te wees is altyd ‘n baie goeie en geregverdigde rede om uiters bekommerd te wees, nie waar nie? Maar tog sê Paulus – “*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking aan God bekend.”*

Ek dink Paulus het ‘n sterk vermoede gehad dat die ergste binnekort wel met hom gaan gebeur. Met Filippense 4:6 probeer hy dus geensins om angs en nood en bekommernis wat mens gereeld oorval af te maak as onbenullig nie. Dis reëel en werklik! Paulus prober verseker ook nie om dit te ontken of om dit weg te redeneer nie. Hy probeer ook nie om allerhande verklarings en verduidelikings te gee vir die onverklaarbare nie. Paulus probeer nie sê dat slegte goed God se oordeel oor jou is nie. Dis ook nie God se wil vir jou nie. Die Here is nie besig om jou geloof te toets nie.

Paulus sê bloot dat ons ten spyte van en te midde van ons uiterste besorgdheid en benoudheid altyd moet bly vashou aan Hom wat die onmoontlike – die heel ergste denkbare dinge, in die heel beste kan verander (Romeine 8:28).

“*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles …”* In alles! Hou dus in alle denkbare omstandighede net aan met bid. Hou aan bid! Bid sonder ophou! (1 Tessalonisense 5:17) Bid asof jou lewe daarvan afhang. En hou aanhoudend aan om die Here te dank! Sonder ophou!

Paulus beloof ook verseker nie dat ek gevolglik dan verlos sal wees van die heel ergste nie. Natuurlik beloof hy dit nie, net soos Jesus Self nie verlos was van die bitter beker nie. (Lukas 22:42)

Maar wat Paulus wel belowe is dat "*die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan oor jou hart en gedagtes die wag sal hou in Jesus Christus".*

Ja, ons sal verseker in die moeilikheid wees as die ergste gebeur, maar ons sal ook verseker in Christus wees as die ergste gebeur. En om in Christus te wees beteken dat geen hartseer, verlies of dood ons van Hom kan skei nie! (Romeine 8:35,38).

Dis in hierdie sin dat Paulus sonder enige vrees durf sê: "*Moet oor niks besorg wees nie*!", of soos hy net 'n paar verse tevore in verse 4-7 sê: "*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: wees bly*!"

*Barry van Wyk -- Grafika: Pinterest*

**BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR**

Daar was ongelukkig probleme met die beroepingsproses van 'n nuwe leraar vir ons gemeente. Na oorleg met en op advies van die Ringskommissie van die Ring van Vaalrivier, het die kerkraad op Donderdag, 25 September 2025, besluit dat die huidige beroepingsproses gestaak word en dat die proses van vooraf moet begin. Nadere besonderhede oor die proses sal later bekend gemaak word*. Bid asseblief vir die proses.* *Dries*

**NUWE INTREKKERS**

Hartlik welkom aan **Sarel en Linette Eloff** wat vanaf die NG Gemeente Potchefstroom – Mooirivier (*Wyk: Najaarsrus*) en **Nico en Erika Kotze** wat vanaf NG Kerk Rensburg – Heidelberg (*Wyk: Grewar*) by Parys-Wes aangesluit het. Ons wens julle 'n geseënde verblyf in Parys en die gemeente toe.

**ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)**

Ons mooiste wense vir hierdie nuwe lewensjaar. Dit is deur die troue liefde van die Here dat ons nie omgekom het nie, ja sy ontferming ken geen einde nie. – Klaagliedere 3:22 (2020)

**JULIE:**

**05 – Johan Odendaal (84):** Dit gaan goed. Hulle is gesond en dankbaar en gelukkig in die aftree-oord.

**08 – Koos Bester (92):** Oom Koos woon nou in 'n tuiste vir bejaardes in Ladysmith.

**09 – Sarie Herholdt (81):** Sy sukkel met asma maar is dankbaar dat dit verder goed gaan. Sy vat elke dag soos dit kom.

**10 – Susan van der Colff (86):** Sy gaan nog aan, maar dit gaan deesdae "nie so bright" nie. Sy bly egter nog in haar huisie by Villa Riviera.

**13 – Mara Taylor (83):** Mara was vir twee maande in ‘n koma maar is nou weer by haar bewussyn. Ongelukkig het sy nou korttermyn geheueverlies as gevolg van dementia en word in ‘n afdeling vir verswakte bejaardes versorg.
**14 – Jannie Oosthuizen (84**): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie.
**14 – Elize Botha (81):** Sy het baie rugverwante pyn gehad maar ‘n pynblok help geweldig baie. Verder gaan dit goed.
**AUGUSTUS:**
**07 – Tina Meyer (80)**: Dit gaan baie goed, geen klagtes nie.
**08 – John Francis (82):** Hy het ‘n rugprobleem en sy knieë is besig om in te gee. Het baie pyn en bring meeste van die tyd in die bed deur.
**09 – Ina Venter (80):** Dit gaan baie goed, dankbaar vir goeie gesondheid.
**15 – Freda Terblanche (85):** Haar sig het baie verswak en sy kan nie meer lees nie. Verder gaan dit goed.
**19 – Danie van Wyk (86):** Dit gaan baie goed en Danie sê dankie! Ps 37:4! Hulle is gesond, gelukkig en het alles wat hulle nodig het.
**21 – Violet Viljoen (88):** Dit gaan nog goed en sy het nie ernstige klagtes nie. Baie dankbaar.
**25 – Ina Mulder (89):** Sy is baie swak na ‘n beroerte.
**27 – Alfreda Els (83):** Dit gaan goed. Sy gaan maar aan en roei maar voort!
**28 – Koos Hoffman (83):** Dit lyk of hy sy siekte oorwin het en hy is baie dankbaar. Hy werk en gaan aan – net genade!
**29 – Danie de Lange (82):** Hy sukkel met duiseligheid (dronk kop), maar verder gaan dit goed.
**SEPTEMBER**
**06 – Magda du Plessis (87):** Sy was onlangs baie siek aan griep en brongitis. Dankbaar dat dit nou baie beter gaan.
**06 – Hettie Oosthuizen (80):** Dit gaan goed.
**08 – David Sussens (90):** Oom David gaan nog aan en dit gaan redelik goed met hom. Sy bene is seer maar hulle is gemaak om gebruik te word en hy doen dit nog.
**12 – Vissie Visser (87):** Oom Vissie sê dit gaan met hom maar soos dit met ‘n ou mens gaan. Hy het nie nuwe klagtes nie.
**18 – Hennie Wentworth (88):** Dit gaan goed en hy gaan aan.
24 – **Heilie Boulogne (81**): Kon haar nie bereik nie.
**27 – Nic Oosthuizen (87):** Dit gaan baie goed en hy het nie klagtes nie. Skilder nog baie.
**27 – Ann Taljaard (85):** Sy is dankbaar dat sy nog met ‘n loopring en rolstoel oor die weg kan kom.
**29 – Elsa Enslin (92):** Tannie Elsa gaan maar net aan. Sy was onlangs baie siek maar dit gaan nou weer beter. Sy wens die kerk sterkte toe.

## GEBED VIR VREDE




Dinge gaan rof daar buite met verskeie oorloë wat aan die gang is. In ons eie Suid Afrika is korrupsie, bendegeweld en geweld teen vroue en kinders aan die orde van die dag. Selfs in die kerk is daar nie vrede nie. Sommiges aanvaar besluite van die sinode en ander wil wegbreek as gevolg daarvan.

In die lig van al die roeringe in die wêreld, ons land en die kerk wil almal eintlik net VREDE hê. Vrede in die wêreld, die land en veral in ons eie kerk. Hierdie gebed uit Solly Ozrovech se boek *Sy lig vir my lewenspad,* was ook in die derde uitgawe van verlede jaar se Posduif, maar dit is steeds so gepas vir huidige omstandighede, dat dit weer geplaas word.

**VREDE**

Heilige God en deur Jesus Christus, my hemelse Vader:
Te midde van chaos, agterdog, haat,
selfsug en verwarring, hef ons die hande op na U:
"Here! Gee vrede in ons tyd!"
Ons weet maar te goed dat ons nie in vrede met ander kan lewe,
voordat ons nie met U vrede gevind het nie;
dat daar nêrens vryheid kan wees sonder dat daar oral vrede is nie,
dat die krag van 'n nasie nie lê in sy wapenarsenale nie,
maar in die integriteit van sy mense;
dat vrede uit geregtigheid gebore word.
Ons bely met skaamte en berou dat ons
medeverantwoordelik is vir die toestande van onvrede:
ons was onverskillig en nalatig oor ons geestelike prioriteite;
ons was selfsugtig en onbedagsaam in ons daaglikse omgang;
ons was gerus en onbetrokke in dae van onrus;
ons was hooghartig en selfgenoegsaam.
Vergewe ons, Here ons genadige God!
Laat u wil vir vrede op die aarde geskied.
Laat u Woord ons die pad na vrede aandui.
Gee aan ons die liefde wat ons bevry van bitterheid,
haat en onvergewensgesindheid.

Help ons om in vrede en harmonie saam te leef.
Ons bid dit ter wille van 'n verskeurde
wêreld en in die kragtige Naam van
die Prins van Vrede, Jesus Christus, ons VREDE!
Amen

*Bron: Solly Ozrovech – Sy lig vir my lewenspad - Augustus.*
*Grafika - Internet*

**BYBELSONDAG – 24 AUGUSTUS 2025**

Sedert die begin van die jaar word daar, op inisiatief van die Diensgroep Getuienis, gereeld iets oor die Bybel in die afkondigings en ook in die Posduif geplaas. Op Sondag, 24 Augustus het Parys-Wes saam met die Bybelgenootskap en miljoene ander gelowige mense deur die hele wereld die druk en beskikbaarheid van die Bybel in baie diverse tale gedenk**.**



Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) het vanjaar sy 205de bestaansjaar herdenk na sy stigting in 1820. In dié tyd is daar meer as 42 miljoen Bybels versprei. Die visie van die BSA is om die Bybel in die hartstaal van al die diverse mense van Suid-Afrika in formate wat die Woord van God vir hulle toeganklik maak, beskikbaar te stel.

Ons is almal bewus daarvan dat die Bybel in braille vir blindes beskikbaar is, maar min weet dat daar ook gekyk is na die behoeftes van mense wat doof gebore is of wat Gebaretaal gebruik**. Die Bybel vir Dowes** (2007) is in 'n vereenvoudigde Afrikaans geskryf en dit is ook van illustrasies voorsien. Die prente/illustrasies in Die Bybel vir Dowes help om te wys hoe party dinge gelyk het. In die teks is daar ook voetnotas en as die leser 'n voetnota kies, is daar 'n verduideliking van wat die woord of woorde beteken.

Hierdie Bybel is die eerste in Afrikaans wat spesiaal vir dowes vertaal is en die tweede Bybel in die wêreld, spesiaal vir dowes.

Dankie ook aan Lehane Rothman vir haar gepaste Bybelsondag - blommerangskikking wat die Bybel en doringkroon as elemente bevat het.

*Bron: Bybelgenootskap van Suid Afrika(https://www.biblesa.co.za/library/abd07di)*
*Foto: Dries*

**VERJAARSDAGNAWEEK**

Die gemeente Parys-Wes is amptelik op 27 September 1960 gestig en ons het vanjaar ons 65ste verjaarsdag gedurende die naweek van 13/14 September 2025 gevier.

Veral vir nuwe intrekkers: Meer besonderhede oor die interessante geskiedenis van die gemeente is beskikbaar in die boek "*Kosbare erfenis langs die Vaalrivier – NG Gemeente Parys-Wes 1960 – 2010*" deur Dr Gerdrie van der Merwe. Eksemplare van die boek is beskikbaar by die kerkkantoor en jul is welkom om te vra vir een.

**STAP VIR BYBELS – SATERDAG, 13 SEPTEMBER 2025**

Saterdagoggend was dit weer tyd vir die groot stap by die kerk en tussen 50 en 60 mense, insluitend groot en klein en van die oudstes en die jongstes in die gemeente, was voor 08:00 daar om deel te neem. As die Springbokke nie om 09:00 teen die All Blacks gespeel het nie, was daar dalk nog meer. Na 'n gebed van ds Barry het die stappers in die pad geval.

Die gemeente se verjaarsdag word jaarliks met die *Stap vir Bybels,* waarmee daar geld ingesamel word vir die verspreiding van Bybels, afgeskop. Om gereed te wees as die stappers na 'n stap van sowat 5 kilometer weer by die kerk kom**,** het die braaispan die vure reeds om 07:00 aangesteek vir die worsbroodjies wat na die tyd, saam met koffie, tee, koeldranke en water gekoop kon word. By hul terugkeer het die stappers hulle medaljes ontvang, die verversings geniet en lekker saam gekuier.

Daar is nie 'n vasgestelde inskrywingsfooi vir die stap nie maar stappers gee 'n donasie en dit word saam met die inkomste uit die verkoping van die verversings vir Bybelverspreiding gegee. Hierdie jaar is die mooi bedrag van R3663.00 ingesamel.

Baie dankie aan almal wat bygedra, gehelp en gestap het.

*Foto: Dries*



**BEDIENING VAN DIE NAGMAAL – Sondag, 14 September 2025**

Die 2025 - verjaarsdagnaweek van die gemeente is gepas met die Nagmaal op Sondagoggend gevier. Dit is altyd 'n spesiale

geleentheid omdat die diens ook die belydenisaflegging en die voorstelling van die nuwe lidmate insluit.

Die kerk was baie vol en ds Barry het 'n baie gepaste en treffende preek met as tema "*Ons almal hier is Jesus se familie" gelewer. Die* skriflesing was uit 1 Korintiërs 12 vers 12 tot 27 en die teksvers, vers 26: *"As een ledemaat ly, ly al die ledemate saam; as een ledemaat vereer word, is al die ledemate saam bly."* (2020).

Na afloop van die diens en die voorstelling is daar heerlik saam gekuier in die kerksaal waar daar koffie, tee en verversings beskikbaar was.

Dankie aan almal wat gehelp het met die verversings en die versiering van die tafels.

**VOORSTELLING VAN KATKISANTE – Sondag, 14 September 2025**



Hierdie jaar se klas was die grootste wat in jare by Parys-Wes belydenis afgelê het en ons wens die volgende agt pragtige jongmense van harte geluk met die voltooiing van hul *"boerematriek".*

Guilmarie de Swardt, Pieter Malan,
Leoné Nel, Ardu Potgieter,
Dian Potgieter, Mieke Potgieter,
SW van der Watt en Jandré van Heerden

Baie geluk ook met julle voorstelling. Hierdie geleentheid was weereens baie spesiaal. Om te sien en te hoor hoe jong lidmate belydenis van geloof aflê is altyd iets besonders en 'n hoogtepunt in enige jongmens se lewe. Die aanneming/voorstelling is 'n opvolging van die doop waar 'n Christen sy geloof bevestig.

Baie welkom as nuwe jong lidmate van die Kerk van God. Ons wens julle, jul ouers en grootouers van harte geluk en bid dat die Here julle altyd nabý sal wees en sal seën. Mag julle volhou om getroue en meelewende lidmate in Sy Koninkryk te wees.

Dankie ook aan ds Barry vir sy begeleiding van hierdie groep jongmense, waarvan hy ook ‘n paar gedoop het, tot op hierdie punt waar hul belydenis van geloof kon aflê. Dit was seker ook ‘n laaste in sy bediening.

En daarmee is ons gemeente se verjaarsdagnaweek op ‘n hoogtepunt afgesluit. ‘n Mooi, vol naweek. Dankie Here vir U genade!

*Foto: Marais Nell*

## DS BARRY VAN WYK – 31 DESEMBER 2025



Nadat hy in 2023 afgetree het is ds Barry op kontrak aangestel en hy sou op 31 Oktober vanjaar finaal “afgetree” het. Aangesien die beroepingsproses vir ‘n nuwe leraar vir Parys-Wes steeds aan die gang is, het die kerkraad ds Barry nou gevra om, indien nodig, aan te bly tot einde Desember 2025.

Ds Barry het sy laaste ringsitting as dienende predikant op 21 Augustus 2023 bygewoon en daar het hy die gebruiklike broederlike kus van ds Jan de Man op die kop gekry. Maar ds Barry was nog nie klaar nie en tydens die ringsitting van 4 Augustus vanjaar, was hy weer daar, daar is weer totsiens gesê en hy het sy tweede broederlike kus ontvang. *Foto’s verskaf – Ds Barry ontvang die broederlike kus van ds Jan de Man op die kop.*



## GETUIENIS VAN STEFAANS COETZEE

Op Sondag 17 Augustus het Stefaans Coetzee ons besoek om sy getuienis oor die verloop van sy lewe te deel. Stefaans is in Virginia in die Vrystaat gebore. Sy pa was ‘n alkoholis. Toe hy ses was, het sy ma hulle verlaat sonder om hom te groet. Hy het nooit die liefde van sy ma geken nie. Van kleins af moes Stefaans veg vir aanvaarding en liefde, by die huis en in die kinderhuis waar hy later geplaas is.

As 'n baie jong man kom hy onder die invloed van die Brits-Israeli beweging ('n beweging wat 'n wit velkleur as verhewe bekou) en daar ervaar hy aanvaarding.  Weens die invloed van volwassenes, plant hy 'n

bom in die vroeë 90's in 'n afdelingswinkel in Worcester wat verskeie mense dood en beseer agterlaat. Hy kry 'n lewenslange vonnis waarvan hy 18 jaar en 6 maande in 13 tronke uitdien. Die bewaarders het op sy tronkkaart geskryf "troublemaker" en by geloof "GEEN". Hy sou die ergste dinge doen, ter wille van aanvaarding. So het Stefaans dan ook 'n bom geplant wat verskeie mense in die vroeë 90's gedood en beseer het. Vir hierdie daad het Stefaans lewenslange tronkstraf gekry. Dit sou 'n vlek wees wat hy soos Kain lewenslank sou dra. Hy was so kwaad vir die Here want as klein seuntjie het hy gebid dat die Here hom moes help maar die Here was nooit daar nie. Toe 'n dame in die tronk met hom oor Jesus begin gesels, het hy haar stil gemaak en gesê hy wil niks hoor nie. Sy het aangehou om vir hom te sê dat Jesus hom lief het.

Stefaans het besef dat niks gebeur as gevolg van mense nie, maar omdat jý verkeerde keuses maak. Op 10 Augustus 2007 het Stefaans sy hart vir die Here gegee toe hy besef dat hý die probleem is, dis hý wat moet vergewe (Mat. 5:23,24). "Change starts here!". Toe hy op 12 Januarie 2014 op parool vrygelaat is het hy besef dat daar niemand is waarheen hy kon gaan nie. Hy het nie 'n woordeboek nodig gehad om te weet wat geweld beteken nie, maar wel om te weet wat liefde en omgee beteken. Vir hom was dit belangrik om weer 'n kind te hoor lag. Baie mense sit in hulle eie tronke omdat iemand iets van hulle gesê het wat hulle negatief gemaak het en daarom nie wil laat gaan en die saak by die voete van die Here neerlê en dan vergewe nie.

Baie mense het 'n groot behoefte om êrens te behoort, maar daar is nie omgee en liefde nie. Mense se drome gaan dood as gevolg van al die negatiewe geraas in die lewe. Die negatiewe geraas word gevorm deur ons denkpatrone en dit waarmee ons onsself besig hou. Hoe kan ons ander mense help om weer te begin droom en om werklik God se liefde te ervaar?

Daar word tog so maklik bordjies om mense se nekke gehang maar is ons bereid om die dieper persoon te leer ken en hom/haar te help om weer te kan droom en die lewe te geniet soos God dit vir ons geskape het. Ons moet die kosbaarhede soos vriende, familie, die natuur en gesondheid waardeer en God elke dag daarvoor bedank.

Vandag verwys party mense nog steeds na Stefaans as die bomplanter, 'n etiket wat hy nie wil hê nie want God het hom vergewe en 'n tweede kans gegee om met liefde uit te reik om 'n positiewe verskil in mense se lewens te maak. *Henk Harmse - Foto: Stefaans saam met lede van die Diensgroep Getuienis en gemeentelede – Naomie*

## BASAAR – 2 AUGUSTUS 2025

NG Parys-Wes se basaar wat op 2 Augustus gehou is, was weereens ‘n baie mooi gesellige geleentheid. Die tafels was helder en veelkleurig versier en dit het ‘n feestelike atmosfeer geskep. Daar is voor die tyd hard gewerk om alles in plek te kry vir die verskillende stalletjies. Ontbyt is bedien, pannekoeke is gebak en daar was vleis, koeke en koekies, beskuit, kerrie-en-rys, vetkoeke, worsbroodjies, hamburgers en lekkers en koeldranke beskikbaar. Die klerewinkel het ook sy deel gedoen.



Ten spyte daarvan dat die Hartelus Mark en Vredefort se basaar op dieselfde dag plaasgevind het, was dit ’n mooi, suksesvolle dag en die jeug het weer die program wat vir hul gereël is, baie geniet.

Baie dankie aan almal wat gehelp het of op een of ander manier ‘n bydrae gelewer het. Die mooi bedrag van R112 357.00 is ingesamel teenoor die R97 148.00 van verlede jaar.

Dankie ook aan ons Hemelse Vader vir Sy genade. *Dries*

## KERSKOSPROJEK 2025

Parys-Wes is al vir baie jare betrokke by die NG Kerk in Schonkenville en die gemeente help ook elke jaar met hul basaar. Daar is tans 20 gesinne wat deur hul kerkraad geïdentifiseer is, waarvoor die Diensgroep Getuienis maandeliks ‘n kospakkie gee.

Ons poog om tydens Kersfees vir hierdie gesinne en dié in die gemeente wat deur die Diensgroep Diens van Barmhartigheid gehelp word, iets meer vir die kerstyd te gee. Dit het gelei tot ons jaarlikse kerskosprojek en -insameling wat weer op 1 November sal begin. By voorbaat baie dankie vir jul ondersteuning van hierdie projek.

## PIK-EN-PROE Vrydag 22 Augustus 2025



Die pik-en-proe op Vrydagaand 22 Augustus is deur sowat 35 mense bygewoon en daar is weereens heerlik saamgekuier. Die dames het die tafels mooi gedek en versier en die disse wat voorgesit is was uit die boonste rakke. Dankie aan almal wat

die geleentheid bygewoon en ‘n bydrae gemaak het om’n heerlike aand van gemoedelike samesyn te skep. *Foto : Dries*

**SKILDERY KRY EIENAAR**



Didi Esterhuisen het die jongste skildery wat Nic Oosthuizen aan die kerk geskenk het, gekoop. Hier oorhandig Nic die skildery aan Didi.

Geluk met die aankoop Didi. Daar is ‘n hele paar ander wat hom graag huistoe sou wou gevat het. *Foto : Phillip*

**KERRIE-EN- RYS**

Een keer per jaar maak die Diensgroep Getuienis kerrie-en-rys om fondse in te samel. Gelukkig kon die meeste beplanning oor whatsapp gebeur en vele vergaderings was nie nodig nie. Aanvanklik is daar beplan om op Vrydag, 9 September 300 bakkies te “produseer” en alles moes in plek kom. Dankie vir daardie altyd gewillige hande wat bereid is om te help (*en nuwes is altyd welkom*). Bestellings is geneem en uie en aartappels is geskil en opgesny. Die bestellings is op 320 gestop en die opdrag het gekom “*Kry genoeg rus in vir die GROOT KOOK Vrydag!!”* Die 300 het uiteindelik aangegroei tot sowat 360 bakkies wat verkoop en afgelewer is. Die wins vir die groot kook was bykans R7 000.00 en dit is deel van die Diensgroep se begroting vir 2025/26.

Die sukses van enige so ‘n projek hang af van die samewerking van heelwat mense en ons sê baie dankie aan die organiseerders en elkeen wat op een of ander manier gehelp het. En natuurlik ook dankie aan elkeen wat ‘n bakkie of tien gekoop het. *Foto’s: Naomie en Dries*



Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net. of 082 820 4306.